



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

MIV- /VIGS Beleid vir Studente en Personeellede

Verwysingsnommer	2P/2018
Aanspreeklike uitvoerende bestuurder	Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal
Beleidseienaar	Kampus MIV/VIGS koördineerders
Verantwoordelike departement	Kampus MIV/VIGS koördineerders
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	Eerste goedgekeur op 22 September 2006 en hergoedgekeur op 23 November 2012
Wysigings	Hersien in 2012
Datum van wysigings	November 2012
Hersieningsdatum	2014
Prosedures in terme van die beleid	
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/i-gm/index.html
Adres op die beleiddatabasis	Amanda van der Merwe(10935746) R:\2. Management\2.1.3 Policy development and review\2.1.3.2 Review\Database\Policy documents\2P-2.18_HIV/AIDS_a.docm



MIV- en VIGS Beleid vir Studente en Personeellede

1 Aanhef

As 'n toonaangewende universiteit in Afrika, gedrewe deur die nastrewing van kennis en innovering, met 'n unieke institusionele kultuur gebaseer op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie MIV- en VIGS-beleid aanvaar op 23 November 2012 wat erken dat Suid-Afrika, saam met die res van die vasteland, deur 'n verwoestende MIV- en VIGS-pandemie geteister word.

2 Doel

Hierdie beleid sit beginsels uiteen om doeltreffende maniere van bestuur van MIV in die werkplek en leeromgewing te bevorder, wat tot gevolg sal hê die totstandbrenging van 'n veilige werk- en leeromgewing. Die NWU onderneem om alle werknemers en studente gelyk te behandel ongeag hul MIV-status, in ooreenstemming met die HOVIGS-program, wat 'n sektorale reaksie is op hierdie pandemie, asook deur in lyn te bly met tersaaklike wetgewing en beleid.

3 Doelstellings

Die NWU is daartoe verbind om 'n koherente MIV- en VIGS-beleid en -program vir werknemers en studente te implementeer wat aan die volgende strategiese doelstellings aandag sal gee:

- 3.1 die ontwikkeling en implementering van 'n omvattende en geïntegreerde MIV- en VIGS-beleid en -program van die Universiteit vir werknemers en studente;
- 3.2 die implementering van 'n effektiewe en doeltreffende bestuurstelsel van MIV en VIGS binne die leer- en werkomgewing van die Universiteit;
- 3.3 die voorkoming van onregverdig diskriminasie, geweld teen vroue en mans, seksuele teistering, vooroordeel en stigma;
- 3.4 die totstandbrenging van 'n veilige werk- en leeromgewing vir werknemers en studente wat geïnfekteer of geïmpak is deur MIV en/of VIGS;
- 3.5 die beskerming van menseregte en versekering van menslike geregtigheid vir almal verbonde aan die NWU deur die formulering en implementering van MIV- en VIGS-gerelateerde beleid en praktyke;
- 3.6 die bevordering van gelyke en volle deelname van alle belanghebbende aan die MIV- en VIGS-beleid en -program van die Universiteit;
- 3.7 die versekering van vertroulikheid van inligting wat betrekking het op 'n individu se MIV-status binne al die reëls en praktyke van die Universiteit;
- 3.8 die bevordering van vrywillige MIV-openbaarmaking van MIV-status deur werknemers en studente deur psigo-maatskaplike dienste soos vrywillige berading en toetsing (VBT) en MIV-berading en toetsing (MBT);
- 3.9 die integrasie en hoofstroming van MIV en VIGS deur alle onderrig-, gemeenskapsbetrokkenheids- en navorsingsaktiwiteite;
- 3.10 die verhoging van VIGS-bewustheid en kennis onder werknemers en studente van die voorkoming van MIV-oordrag;
- 3.11 die skenk van aandag aan geslagsaangeleenthede wat verband hou met MIV en VIGS;
- 3.12 die ontwikkeling en implementering van 'n institusionele antwoord op MIV en VIGS.

4 Trefwydte van toepassing

Die bepalinge van die beleid sal van toepassing wees op sowel studente as lede van die personeel (d.w.s. sowel akademiese as steunpersoneel).

5 Algemene programme en dienste

- 5.1 Bewusmakingstrategieë:- Die Universiteit verbind hom tot opvoedkundige programme wat gerig is op MIV en VIGS en die kwessies wat verband hou met die pandemie. In die bevordering van bewustheid sal die Universiteit verseker dat MIV- en VIGS-bewusmakingsprogramme ingesluit word in oriënterings-, induksie-, opvoedkundige en opleidingsprogramme.
- 5.2 Voorkomende programme:- Die Universiteit sal van elke geleentheid gebruik maak om kreatiewe en innoverende MIV-voorkomingsprogramme te bevorder.
- 5.3 Informele opvoeding en inligting:- Deurlopende MIV- en VIGS-inligtingsverbreiding en onderrig sal gefasiliteer word deur aktiewe portuurgroep-opvoedingsprogramme vir studente en personeellede.
- 5.4 Behandeling, versorging en ondersteuning:- Alle personeellede en studente met MIV en VIGS sal op lewensversterkende maniere behandel word, sonder enige diskriminasie. Simptomatiese behandeling, bv. behandeling van opportunistiese infeksies, sal by die Universiteit verskaf word op die vlak van primêre gesondheidsorg.
- 5.5 MIV en Vigs in die kurrikulum:- Die Universiteit 'n verantwoordelikheid om aandag aan MIV en VIGS te gee deur sy kurrikulum, asook bewustheid onder studente te verhoog en hulle voor te berei om te lewe en te werk in samelewing wat op verskillende maniere deur die epidemie beïnvloed word.
- 5.6 Navorsing:- MIV en VIGS is 'n belangrike fokuspunt van navorsing aan die NWU en die Departement van Navorsingsondersteuning sal 'n oudit van onlangse MIV- en VIGS-verwante navorsingsprojekte oor alle dissiplines op 'n gereelde basis uitvoer.
- 5.7 Gemeenskapsbetrokkenheidsprogramme:- Die bevordering van betrokkenheidsinisiatiewe met betrekking tot MIV- en VIGS-projekte.

6 Beheer en Bestuur

- 6.1 Die Raad is verantwoordelik vir die goedkeuring en monitering van die implementering van die MIV- en VIGS-beleid.
- 6.2 Die Visekanselier is verantwoordelik vir die beskikbaarstelling van hulpbronne vir die implementering van die Strategiese Plan vir MIV en VIGS.
- 6.3 Institusionele Bestuur is verantwoordelik vir die koördinerende deur die MIV- en VIGS- Koördinerende Komitee en die realisering van hierdie beleid deur die hele Universiteit deur middel van die nodige prosesstelsels en prosedures, asook die toewysing van mense- en finansiële hulpbronne.
- 6.4 Die Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal, deur die MIV- en VIGS- Koördinerende Komitee, is verantwoordelik vir die formulering, implementering, monitering en evaluering van die Geïntegreerde Strategiese Plan vir Gesondheid en Welsyn, wat MIV en VIGS insluit.
- 6.5 Die Kampusrektor is verantwoordelik vir die implementering en uitvoering (mense- en finansiële hulpbronne) van die beleid met betrekking tot relevante kampus-spesifieke behoeftes. Die Kampusrektor moet seker maak van die aanstelling en instandhouding van 'n Geïntegreerde Gesondheids- en Welsynsadvieskomitee en moet 'n senior kampusbestuurder aanwys as voorsitter van die Advieskomitee.
- 6.6 Akademiese hoofde van departemente moet die integrasie van MIV- en VIGS-aspekte in die verskillende modules verseker, asook dat dit weerspieël word in die studiegidse en die kursus hooftrekke.
- 6.7 Lynbestuurders is as deel van hul Kritiekeprestasie-areas direk verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid, prosedures, operasionele planne en verspreiding van hulpbronne in ooreenstemming met hul verantwoordelikhede.
- 6.8 Die Kampus se MIV- en VIGS-koördineerder is verantwoordelik vir die implementering van die MIV- en VIGS-beleid, die strategiese plan en programme op kampusvlak.

Oorspronklike gegewens: VL Mothobu(10935746) SHARE\2P-2.18_HIV-AIDS_a.docm
23 November 2013

Verwysingsnommer: 2P/2.18